# Die Kompromie in Etiese Perspektief

***Prof. L.O.K. Lategan***

"Kéér ons, dat ons nie doen wat ons kan nie" – N.P. van Wyk Louw.


## Synopsis

*This article analyses the role of the compromise in ethics. A compromise has to do with the choice between two conflicting norms in a borderline situation. Since these norms are in conflict with each other a conflict of interest is created. It then necessitates a choice between one of the norms in a borderline situation. To this choice is referred to as a choice between the lesser of two evils. This is where the compromise comes into play. Six ethical issues are addressed to investigate how the compromise fits into ethics. These questions are asked: whether the compromise is a mechanical act?; how to identify the lesser of two evils?; does the compromise address a boarderline situation?; how to address guilt caused by a boaderline situation?; is the compromise an act of obedience? and can't the compromise become an ethical lifestyle?*


## 1. Inleidende konseptualisering

Die kompromie kan verduidelik word as 'n *onafwendbare keuse tussen twee beginsels wat nie in een situasie gelyktydig gekonkretiseer kan word nie* (Lategan, 2002a: 478). Die beginsels loop as gevolg van die situasie teen mekaar aan. Hierdie botsende norme het 'n botsing van pligte tot gevolg. Die kompromie gaan dus oor die probleem van gelyktydige normrealisering in 'n situasie waar die omstandighede van die situasie dit onmoontlik maak om hierdie beginsels gelyktydig te konkretiseer. Om hierdie botsing van pligte te voorkom, word 'n kompromie in grenssituasies aangegaan (Lategan, 2002a, 2002b). Voorbeelde van die kompromie is legio: Die ontkoppeling van lewensondersteunende apparaat aan 'n komateuse pasiënt; 'n aborsie in die geval waar die volhou van die swangerskap die lewe van die moeder bedreig; 'n soldaat wat sy swaar gewonde makker skiet, sodat hy nie in die hande van die naderende vyand val nie; weerstand teen die gedwonge verskuiwing van mense; die vertel van die waarheid wanneer die vyand navraag doen na die skuilplek van 'n soldaat; die vrou wat in 'n geval van noodweer die verkragter noodlottig wond, omgewingsbewaring en die ontdekking van olie wat ontwikkeling in 'n arm land kan stimuleer, ens. In hierdie voorbeelde word die

kompromie die keuse tussen die mindere van twee euwels. Dit is ’n euwel om ’n swangerskap te beëindig, maar dit is ’n meerdere euwel om met die volhou van die swangerskap die moeder se lewe in die gevaar te stel; dit is ’n euwel om ’n leuen te vertel, maar dit is ’n meerdere euwel om tydens oorlog ’n soldaat in die hande van die vyand te laat val. Die keuse tussen die mindere van twee euwels moet altyd daarop gerig wees om die minste lyding en skade te berokken, maar altyd die meeste liefde te beliggaam. Die kompromie is gevolglik ’n etiese besluit gerig op die hantering van ’n etiese dilemma (sien Lategan, 2002a).

## 2. Stand van sake

In die gereformeerde tradisie bestaan daar betreklik min literatuur oor die kompromie. Die bekendste werke hieroor word gevind by J. Douma, J.A. Heyns, S.J. Ridderbos en W.H. Velema. Selfs in hierdie beperkte navorsing oor die kompromie bestaan daar nie eenstemmigheid oor die verstaan van die kompromie nie (Lategan, 2002b: 58 - 74. Sien ook paragrawe 5 en 6 vir ’n gedetaileerde bespreking hiervan).

Dit is verder opvallend dat in die bespreking van etiese probleme die kompromie selde aan die orde gestel word as ’n etiese besluit gerig op die hantering van ’n etiese dilemma. Die outeur vind dit jammer dat die kompromie nie aan die orde gestel word in byvoorbeeld De Villiers (2002) se artikel oor genadedood en geassisteerde selfmoord en Koopman en Vosloo (2002) se belangrike studie oor morele oriëntasie in ’n post-moderne tyd nie.

Naas die verskil in konseptuele interpretasie, is daar relatief min inligting beskikbaar oor die gebruik van die kompromie in die etiek. Om die stelling te ondersteun, kan na die volgende probleemvrae verwys word.

- Is die kompromie vir alle etiese velde bruikbaar? Kan die mediese etiek (bv. ten aansien van genadedood) en kunsetiek (bv. ten aansien van pornografie) ewe veel hiervan gebruik maak? Word dieselfde keuse tussen mindere euwels gemaak in genadedood as in pornografie?
- Dit is wel een ding om te redeneer dat die kompromie die keuse tussen die mindere van twee euwels is, maar hoe presies word die keuse gedoen tussen die mindere van hierdie euwels?
- Stel die kompromie ’n mens eties skuldig of word alle skuld geneutraliseer deur die keuse tussen die mindere van twee euwels? Word dit nie ’n te eenvoudige verstaan van skuld nie? Kan skuld-neutraliteit nie meganisties verstaan word nie?
- Kan alle etiese uitdagings nie te maklik verskraal word tot die kompromie nie? Word die kompromie nie ’n “nooduitgang” in etiese

dilemmas nie? Hou die die kompromie nie die gevaar in dat dit ’n etiese leefstyl kan word nie?

Om die saak verder te problematiseer, kan die kompromie in die pastorale etiek geplaas word. Ook hier is daar vrae wat aangespreek moet word.

- Hoe kan die kompromie gebruik word in die besluit om te skei of nie, en hoe kan dit die beradingsproses ondersteun?
- Versag die kompromie rousmart?
- Is die kompromie instrumenteel in die verwerking van etiese én emosionele skuld?

Die kompromie in die etiek sal vervolgens bespreek word.

## 3. Doel van artikel

Die doel van die artikel is om die kompromie in die etiek te konseptualiseer en die gebruik daarvan vir die etiek uit te wys. Hierdie studie wil die kompromie in die gereformeerde etiek kontekstualiseer en die gebruikswaarde daarvan vir etiese kategorieë soos die mediese etiek, omgewingsetiek, sake-etiek en politieke etiek illustreer.

## 4. Navorsingsontwerp

Hierdie studie is gebaseer op ’n literatuurstudie van bronne oor en verwant aan die kompromie. Die vertrekpunt is ’n Christelike etiek met die klem op die gereformeerde tradisie.

Die literatuurstudie word geanaliseer vanuit ’n kosmologiese perspektief en ’n gepaardgaande transendentaal-empiriese metode (sien Strauss, 2000: 128,136).

’n Verdere perspektief wat betrek word, is die voorstel van Mouton dat binne die opset van ’n artikel die afleidings uit die literatuurstudie en die toepassing daarvan die oorgrote deel van die studie moet wees (sien Mouton, 1996: 172 - 173). Hiermee word voorrang verleen aan die skep en die ontwikkeling van nuwe kennis.

## 5. Literatuurstudie oor die kompromie[1]

### *5.1 J. Douma*

Douma (1983: 136) skryf dat die mens nie altyd die gebod tot gelding kan bring nie, as gevolg van omstandighede waaraan ’n mens niks kan doen nie.

1 Vir ’n uitgebreide studie, sien Lategan (2002b).

Dit is wanneer die kompromie ter sprake kom. Die kompromie is derhalwe onvermydelik (Douma, 1983: 137). Hy definieer die kompromie as:

> de noodzakelijke aanvaarding van minder dan iemand op grond van Gods gebod mag en moet nastreven (Douma, 1983: 136).

Die feit dat 'n mens in 'n kompromie met minder tevrede moet wees, beteken nie niks nie, maar iets. In die aangaan van die kompromie mag twee grense nie oortree word nie. 'n Mens se geloof mag nie bedreig word nie en daar mag nie 'n 'aanslag' op die lewe van jou naaste wees nie (Douma, 1983: 140)[2].

Douma (1983: 142) sluit sy bespreking af deur daarop te wys dat 'n mens nie sonder voorbehoud kan sê dat die kompromie iemand skuldig stel nie. Hy reken dat tussen nadelig en sondig onderskei moet word. Natuurlik impliseer die kompromie nadeel. Die mens is immers met minder tevrede as wat die gebod van hom/ haar eis (Douma, 1983: 142).

### *5.2 J.A. Heyns*

Heyns (1982: 444) wys daarop dat in die kompromie gaan dit nie om 'n keuse tussen twee norme en dus om 'n óf - óf nie, maar om die realisering van norme en dus om 'n én - én. Die problematiek van die kompromie bestaan daarin of die mens met minder as die gevraagde tevrede mág wees (Heyns, 1982: 444).

Die gebroke werklikheid waarin 'n mens woon, maak 'n volledige realisering van die gebod onmoontlik deur allerlei omstandighede wat in die werklikheid aanwesig is. Dit alles is die gevolg van die sondeval (Heyns, 1982: 446/7). In beginsel is die mens verlos, maar sondig steeds konkreet. Dit stempel die werklikheid as nog nie die finale en volledige werklikheid nie. Dit maak die kompromie hersienbaar. Die imperatief is dat elkeen steeds na die maksimum van die gebod moet streef. Wie dit nalaat, is nie net teenoor God ongehoorsaam nie, maar ook teenoor die werklikheid waarvoor hy/ sy verantwoordelik is (Heyns, 1982: 450/1). Hiermee is prinsipieel die noodsaaklikheid asook die moontlikheid van die kompromie gegee (Heyns, 1982: 447). Heyns (1982: 451) vestig die aandag ook op die mindere van twee euwels. Hy stel voor dat die mens dié euwel moet kies wat die minste skade en die minste nadelige effek sal hê, maar die meeste liefde en die meeste geregtigheid beliggaam.

---

2 Dié opmerking van Douma is vreemd, veral gesien in die lig dat hy aborsie en genadedood onder sekere omstandighede kan billik (Douma 1979a, 1979b).

### *5.3 S.J. Ridderbos*

’n Kompromie veronderstel altyd konflik. Hier word tussen twee soorte kompromieë onderskei: Enersyds tussen gelykwaardige beginsels en andersyds tussen beginsel en werklikheid. ’n Kompromie het te doen met die botsing van pligte en alleen in die kompromie word die beste oplossing vir die betrokke situasie gevind (Ridderbos, 1955: 8 - 10). Ridderbos handel oor gebooie wat kan bots. Hier is beide skuld en kompromie onvermydelik. Skuld en onvermydelikheid het belangrike betekenis vir die mens. Skuld doen ’n appél op sy/ haar verantwoordelikheid om die beste moontlikheid van lewenskonflik te maak. Die feit dat iets onvermydelik is, beteken nie dat die mens hom/ haar nou daarby neerlê nie.

Ridderbos is verder van mening dat daar onderskei moet word tussen ’n kompromie en ’n handeling waar die een gebod ten koste van die ander vervul word. Die twee begrippe mag nie met mekaar verwar word nie. ’n Kompromie is wel onvermydelik maar aanvanklik kon dit vermy gewees het. Al is ’n kompromie ook nodig, dra dit die kwalifikasie van skuld. Iets is alleen goed wanneer dit beantwoord aan die gebod van God. Ridderbos voel ook ongemaklik oor die tipering van ’n kompromie in sekere gevalle as ‘minder kwaad’. Hy beskou dit as ’n devaluering van die begrip ‘goed’ (Ridderbos, 1975: 145 - 151). Daaroor sê hy:

> We noemen dus het compromis altijd kwaad, omdat het halve ei wegens de leegheid van de dop nog geen goed betekent. Hiermee is niet gezegd, dat het halve niet boven het lege te verkiezen zou zijn. De ontkenning van een hiërarchie in het goede is nog geen loochening van de differentiatie in het kwaad (Ridderbos, 1975: 150).

### *5.4 W.H. Velema*

Velema behandel ’n botsing van pligte en die kompromie saam omdat “ze twee kanten van een zelfde zaak” is. Hy vervolg deur te sê dat dit nie altyd moontlik is om die gebod van God voluit te gehoorsaam nie. Dit is wanneer ’n botsing van pligte ter sprake kom. As ’n mens dan nie ten volle gehoorsaam aan die gebod kan wees nie, mag hy/ sy dan ’n kompromie aangaan (Velema, 1990: 123)? In sy behandeling van die botsing van pligte argumenteer hy dat dit hier nie gaan oor die feit dat ’n keuse gemaak word nie. Wie die een kies en die ander nalaat of afwys, hoef nog nie skuldig te wees nie. Die probleem ontstaan as ’n mens ’n keuse maak vir een saak terwyl hy/ sy beide tegelyk moes doen (Velema, 1990: 123). ’n

Kompromie kan alleen gesluit word indien daar geen ander uitweg uit die situasie bestaan nie en die motief vir die handeling in die liefde vir God en sy Wet geleë is (Velema, 1990: 135).

Velema verwys na situasies waar verpligtinge nie altyd gelyktydig uitgevoer kan word nie. Dit is wanneer die kompromie ter sprake kom. Hierdie eise het sowel ’n vertikale as ’n horisontale dimensie. Kenmerkend van die vertikale is die eis van God dat ’n mens aan Hom gehoorsaam moet wees. Hierdie gehoorsaamheid sluit nie gehoorsaamheid teenoor die naaste uit nie – self ’n saak wat die gebod vereis (Velema, 1968: 151 - 157).

Hy beoordeel die kompromie in terme van die Pauliniese *reeds – nog* nie. Hier moet ’n mens die onvolmaaktheid van die wêreld in ag neem – ’n feit wat die kompromie onvermydelik maak. Daarom is die aanvaarding van lyding en die vergestalting van die liefde in elke situasie onontbeerlik (Velema, 1968: 159 - 161).

Die skuldkarakter van die kompromie moet gehandhaaf word. Die aanvaarding van lyding beteken nie dat dit die mens van sy/ haar skuld verskoon nie. Hierdie skuld mag nie afgeskuif word op die struktuur van die skepping of die samelewing nie, omdat alleen die mens daarvoor die skuld moet dra. In ’n kompromie-situasie moet die mens sy/ haar verbondenheid aan die skuld bely. ’n Mens moet ook glo in die regverdiging van die sondaar en hy/ sy moet die geloof behou. In hierdie omstandighede stel die kompromie die mens nie langer skuldig nie (Velema, 1968: 161 - 162). As die motiewe verreken word wat ’n kompromie onderlê, kan ’n mens nie sê dat dit sonder meer skuldig stel nie. Tog moet ’n mens skuld aanvoel, omdat hy/ sy nie ten volle aan God gehoorsaam kan wees nie. Maar dan moet hy/ sy daarop let dat God sondaars regverdig. Dit is die onmisbare belydenis in die etiek van die kompromie (Velema, 1990: 136).

## 6. Bespreking: die kompromie in die etiek

### *6.1 Is die kompromie ’n meganistiese handeling?*

Die kompromie is ’n etiese figuur wat nie *an sich* bestaan nie, maar binne ’n bepaalde konteks funksioneer. Die konteks van die kompromie is die konkretisering van twee beginsels wat in ’n bepaalde konteks bots. Hiermee word twee afleidings gemaak. Eerstens kan beginsels in híérdie situasie bots maar nie in dáárdie situasie nie. Tweedens is geen beginsel inherent konflikterend nie. Die volgende voorbeelde lig hierdie opmerkings verder toe: Die eis van die *negende gebod* is om áltyd die

waarheid te praat. In die geval van Ragab (Josua 2) bots die eis om waarheid te praat met die verpligting om ’n lewe te beskerm (sesde gebod). Nog ’n voorbeeld is Eksodus 1: 18 - 22 waar die vroedvroue ’n leuen vertel om die Israelitiese babaseuntjies se lewe te red. Hierdie vroue het meer as een botsing van pligte beleef. Die vroue moes óf aan die Farao gehoorsaam wees (vyfde gebod) óf toelaat dat ’n lewe geneem word (sesde gebod). Andersyds moes hulle óf aan die owerheid gehoorsaam wees (vyfde gebod) óf hulle eie lewe in gevaar stel (sede gebod). Nóg ’n kant is dat hulle óf ’n leuen moes vertel (negende gebod) óf toelaat dat ’n lewe geneem word (sesde gebod).

Vir die kompromie om ter sprake te kom, moet daar ’n situasie wees waar beginsels nie gelyktydig gekonkretiseer kan word nie. Dié situasie word ’n *grenssituasie* genoem en die gelyktydige beginselpositivering is ’n *botsing van pligte.* Hierdie twee begrippe kan kortliks soos volg beskryf word:

***Grenssituasie:*** Met grenssituasies bedoel Jaspers situasies waaraan ’n mens nie kan ontvlug nie. Hy/ sy moet ly, sterwe en hom/ haar onvermydelik in skuld verwikkel. Grenssituasies noop ’n mens om te peins oor die absolute mislukking. (Jaspers, 1962: 22 - 24). Met verloop van tyd is hierdie begrip veral in situasies gebruik waar etiese belange teenoor mekaar te staan kom met die gevolg dat ’n enkelvoudige keuse nie moontlik is nie. In die verskillende gebruiksmoontlikhede word die gedagte van onvermydelikheid steeds teruggevind. In sy teologiese etiek gee Thielicke ’n teologiese interpretasie van grenssituasies (Thielicke, 1979a: 594 - 608). Hier word die gedagte van Jaspers aangetref naamlik dat ’n grenssituasie onvermydelik is (“it does not leave open any way of escape”). Uit sy aanwending van die begrip kan ’n mens aflei dat hy met grenssituasies bedoel situasies waar twee beginselsake teenoor mekaar te staan kom (Thielicke, 1979b: 232,243).

***Botsing van pligte****:* Buys (1976: 4) omskryf ’n botsing van pligte as ’n situasie waarin twee pligte sodanig met mekaar in konflik is, dat die nakoming van een noodwendig die veronagsaming van die ander een beteken.

’n Grenssituasie grens dus die gebruik van ’n botsing van pligte duidelik af. Dit is immers die situasie/ konteks waarbinne ’n botsing van pligte plaasvind.

Die gestaltegewing van die kompromie is verder nooit nét *rasioneel* of nét *emosioneel* nie. Die rasionaliteit van die kompromie kom ter sprake in die uiteensetting van die begrip, die uitwys van ’n grenssituasie waar die

kompromie ter sprake kom, die keuse tussen die betrokke beginsels en die implikasies wat hierdie keuse tot gevolg mag hê. Die kompromie is immers ook ’n kontekstuele handeling. As kontekstuele handeling kan die kompromie nooit van die emosionele uitwerking op die mens gevrywaar word nie. In die kompromie word die een beginsel gekonkretiseer terwyl die ander een laat val word. Die feit dat ’n mens minder moet doen as wat jy normaalweg in ’n situasie met dieselfde beginsels doen, roep emosionele worsteling op. Geen rasionele besluit word immers sonder ’n emosionele afweeg van die situasie geneem nie. Wie sal haar kind laat aborteer sonder dat sy nie ook emosioneel met die saak geworstel het nie?

Op die basis hiervan is dit dus moeilik om die kompromie te verskraal tot ’n meganistiese handeling. As etiese figuur is die kompromie ’n etiese besluit gerig op die hantering van ’n etiese dilemma.

### *6.2 Die uitwys van die meerdere euwel*

Dit bly moeilik om objektiwiteit by die uitwys van die meerdere euwel te handhaaf. Oorweeg die volgende voorbeelde: Regstellende aksie het vir iemand wat sy werk verloor ’n ander betekenis as iemand wat hiermee ’n geleentheid kry wat andersins nooit ’n werklikheid sou word nie. Die homofiel mag oordeel dat sy/ haar seksuele voorkeure nie anders as die van heteroseksuele persone beoordeel moet word nie omdat sy/ haar oriëntasie ’n mindere euwel is in vergelyking met die diskriminasie wat verduur moet word; die werklose kan redeneer dat dobbel ’n mindere euwel is as om te steel; die promiskue persoon dat dit ’n mindere euwel vir die kerk is om kondome beskikbaar te stel as dat mense met Vigs geïnfekteer mag word; die prostituut dat seks teen betaling minder van ’n euwel is as wat haar kinders broodsgebrek moet hê; die politikus dat waarhede verswyg moet word, omdat die kliniese bekendmaking van die waarheid groter geweld teweeg mag bring, ens. Die konteks waarin elkeen hom/ haar tydens ’n grenssituasie sal bevind, sal volledig bepaal hoe oor ’n bepaalde beginsel geoordeel sal word.

Verder moet in ag geneem word dat ’n besluit in ’n bepaalde situasie ’n meerdere euwel kan wees terwyl dit net in die volgende situasie ’n mindere euwel kan wees. Neem die militêre en mediese etiek as voorbeelde:

***Militêre etiek****:* Afhangende van iemand se politieke oortuiging kan die gewapende stryd in Suid-Afrika teen Apartheid as ’n mindere euwel beoordeel word in vergelyking met die geweld/ diskriminasie teen medelandburgers. Daarteenoor kan dit as ’n meerdere euwel beoordeel word, omdat onskuldige mense moes sterf in die proses.

***Mediese etiek**:* Om aktief ondersteunende behandeling aan ’n demente onomkeerbare komateuse pasiënt te staak omdat sy/ haar lyding in die weg van sinvolle mensontplooïng staan, is ’n mindere euwel. Om alle behandeling vol te hou sonder dat haar enige redelike moontlikheid op herstel bestaan, is ’n meerdere euwel. Om die lewe summier te beëindig is ook ’n meerdere euwel omdat geen mens die reg het om iemand se lewe te neem nie.

Die verhouding(s) waarin iemand staan, spreek ook ’n woord mee wanneer oor ’n kompromie besluit word. Die broodwinner oordeel anders oor die bekendmaking van die waarheid (*whistle blowing*) as hy/ sy die risiko loop om sy/ haar werk te verloor; ’n verwagtende vrou met kinders sal anders oor ’n terapeutiese aborsie besluit, omdat sy gesinsverpligtinge het; die eerbied vir lewe wat deel is van die medies-etiese kode sal swaarder weeg as van dokters verwag word om in opdrag van die owerheid embrio’s te aborteer en demente bejaardes te eutaneer, ensovoorts.

In enige beslissing wat geneem sal word, mag daar nie by die leiding van die Heilige Gees verbygegaan word nie. Hier speel ’n aktiewe bestudering van die Bybel, gebed en pastorale leiding ’n kritiese rol. Geen gelowige mag handel sonder dat daar na die wil van God gevra word nie. Uit die bestudering van die Bybel sal die norme van God se wil vir die alledaagse lewe blyk [sien die bespreking van De Villiers (2004) oor die rol van die Bybel in openbare diskoers]. Die wil van God word immers geken uit die ordelikheid van situasies (Jesaja 28: 23 - 29). Die klem op ordelikheid moet terugherlei word na die wil van God. God het aan alles ’n orde gegee waarvolgens dit uitgevoer moet word. Die soeke na ordelikheid is ’n soeke na die wil van God (Vir ’n uitgebreide bespreking hiervan sien Lategan en Potgieter, 1993). In die gebed moet gevra word om die uitwys van ’n situasie waar die norme vir hierdie situasie so vergestalt kan word dat daar ten spyte van die grenssituasies so na as moontlik aan ordelikheid gekom kan word (sien Barnard, 2004: 34,35).

Hoewel daar begrip vir die persoonlike oordeel is wat elkeen oor ’n grenssituasie mag hê en die uitwerking hiervan op ’n besluit, mag daar nie normloos opgetree word nie. Persoonlike voorkeure mag nooit ’n harder word spreek as die normatiwiteit van die situasie nie. Dit is die werklike toets wat aan die bod kom wanneer tussen twee euwels gekies moet word.

## *6.3 Los die kompromie ’n grenssituasie op?*

Die feit dat daar in ’n situasie ’n botsing van pligte kan wees, impliseer konflik. Die manier waarop die konflik opgelos kan word, is deur die bron

van konflik uit te skakel. Die kompromie kan hierin ’n bydrae lewer in soverre die grenssituasie met die keuse wat geneem word, geneutraliseer kan word. Die konflik wat as gevolg van die grenssituasie ontstaan het, kan net hanteer word met ’n *berustingsmotief.* Hierdie berustingsmotief volg op die *protesmotief* wat inherent deel is van ’n botsing van pligte. In ’n gebroke en sondige wêreld moet teen die gevolge van dié wêreld geprotesteer word. Hierdie protes is nie net gerig op die partikuliere van die grenssituasie nie, maar ook teen die universele van ’n sondige werklikheid. By protes kan dit egter nie bly nie. Enige mens moet berusting vind in sy/ haar omstandighede (berustingsmotief). Hierdie berusting is ten diepste die aanvaarding dat ’n mens gekompromitteerd bestaan. Dit beteken nie ’n fatalistiese aanvaarding van ’n situasie nie. Juis deur ’n kompromie aan te gaan, erken ’n mens die werklikheid van die situasie. Deur die pastorale begeleiding van die gelowige kan hy/ sy ook gehelp word om die konflik as gevolg van die beginsel waarteen gekies is en waarvoor gekies is, te ontlont. Louw (1993: 499) sê tereg dat die mens ’n verantwoordelike wese is wat deur norme en waardes geroep word om sinvolle lewenskeuses te maak. Die pastoraat kan juis help om die mens se geloofsfunksies te ontsluit en sinvolle keuses te maak. Ook in die pastoraat kan die kompromie dus nuttig gebruik word om etiese dilemmas te hanteer (sien Lategan, 1995).

’n Perspektief wat nie misgekyk kan word nie is die moontlikheid dat in die pastorale begeleiding van ’n kliënt die terapeut self gekompromitteer kan word in situasies van etiese integriteit (sien Janse van Rensburg, 2004). Janse van Rensburg (2004: 593) is dus reg as hy ’n etiese normering van gedrag in die pastoraat bepleit.

### *6.4 Hoe behoort skuld in die grenssituasie geneutraliseer te word?*

Sonde is om teen die wil van God te handel. Skuld is die gevolg wat hierdie sonde op ’n mens se lewe het. Dit is noodsaaklik dat hierdie skuld gedifferensieerd beoordeel moet word. Die kompromie as kontekstuele handeling is geen sondevergryp nie. Wie ’n kompromie in die gebroke werklikheid aangaan, handel in die aangesig van ’n gebroke werklikheid en die onvermydelikheid van die situasie wat op hande is. As daar ’n ander uitweg uit die betrokke situasie was, dan is sonde vermy. Indien daar geen ander uitweg uit die dilemma was anders as om ’n keuse te maak nie, dan is daar nie sonde gepleeg nie. Dit word verder duidelik indien verreken word dat die mindere euwel en nie die meerdere euwel gekies is nie. Indien die meerdere euwel gekies is of as daar ’n uitweg uit die situasie was en daarvan is nie gebruik gemaak nie, dan het die mens gesondig.

Skuldbelewing – veral religieus, emosioneel en eties – sal daar wees omdat die mens gekonfronteer word met die feit dat hy/ sy minder moes doen as wat die gebod se konkretisering andersins sou vra. Hierdie skuld word geneutraliseer met die wete dat daar nie ’n ander uitweg was nie, dat sonde nie gedoen is nie en dat die gelowige sy/ haar aandeel aan die sonde bely. Soos daar die imperatief is om sonde te bely, so is daar ook die imperatief om uit vergifnis te lewe. Wie nie bely het nie, kan ook geen vergifnis aanvaar nie, maar wie bely en nie vergifnis aanvaar nie, het nie die radikaliteit van God se vergifnis aangeneem nie. Sondebelydenis, kwytskelding en vergifnis kan wel dogmaties onderskei word, maar nie geskei word nie. Dit is wel nie een handeling nie maar dit is een gebeurtenis. Dit is nie net God wat hierby betrokke is nie, maar ook die mens – elkeen in ’n ander hoedanigheid. Sondebelydenis vra die aanvaarding dat ’n mens vergewe is.

Die argument kan deurgaans gehandhaaf word dat die kompromie die gelowige nie skuldig stel nie. Die vraag hierop is of die belydenis van sonde nie ’n té maklike neutralisering van die mens se sonde en skuld is nie? Skuldneutralisering is nie ’n meganisme wat aan- en afgeskakel kan word nie. Hoewel die Bybel nie ’n etiek handboek is nie en dus geen direkte verwysing na die kompromie sal hê nie, beweeg tekste soos Genesis 22 (Abraham wat Isak moet offer), Eksodus 1 (die vroedvroue wat teen die bevel van die Farao in Israelitiese babas se lewens spaar), Josua 2 (Ragab wat ’n leuen vertel), 1 Samuel 19: 9 - 17 (Mikal bedrieg vir Saul en red Dawid se lewe), 1 Samuel 21: 13 (Dawid hou hom waansinnig voor die Filistyne), Matteus 19: 1 - 7 (egskeiding), Lukas 6: 1 - 11 (genesig op die Sabbat), 1 Petrus 1 (lewenstyl in ’n sonde-ontluisterde wêreld), ensovoorts in die rigting van ’n grenssituasie. Opvallend in hierdie tekste is dat die dade hierbo genoem wat in terme van dié studie se terminologie as kompromie aangebied kan word, nooit veroordeel word nie. Van sonde is daar dus geen sprake nie.

Twee sake moet in ag geneem word. Die eerste is die psigologiese invloed wat skuld op ’n mens het. Die aanvaarding van kwytskelding beteken nie ook die dadelike verwerking daarvan nie. ’n Mens kan jou voorstel dat die man wat uit noodweer opgetree het die dood van die misdadiger anders sal verwerk as dié vrou wat ’n terapeutiese aborsie moes hê, of die man wat moet aanvaar dat hy bekend sal maak dat daar op ’n onetiese wyse met politieke teenstanders gehandel is. Aanvaarding én verwerking moet dus nie op een lyn gestel word nie.

Die tweede is dat die belydenis van ’n mens se skuld en die berou wat daarmee betoon word, nie gesien moet word as ’n maklike heenbeweeg

oor sonde en skuld nie. Geen teoretiese beskrywing kan ooit reg laat geskeid aan die egte worsteling van die gelowige nie.

Oor skuldvergifnis skryf Louw (1993: 499) dat dit slegs via die Christelike hoop is dat die mens ’n nuwe perspektief in doodsangs ontdek: ’n mens kan glo in die opstanding van die vlees. Dit is slegs via die Christelike hoop dat die mens ’n nuwe perspektief in verdoemende skuld ontdek: ’n mens kan glo in die vergifnis van sonde. Hy wys verder daarop dat die mens nie die koninkryk van God binnegaan via sy/ haar sondebesef nie maar op grond van ’n mens se genadebesef (Louw, 1993: 419).

### 6.5 Is die kompromie ’n daad van gehoorsaamheid?

Die kompromie kan nie anders getipeer word as ’n daad van gehoorsaamheid nie. Wat nooit buite rekening gelaat mag word nie, is dat in ’n grenssituasie slegs een en nie albei beginsels laat vaar word nie. Die kompromie is die handeling wat kies tussen botsende beginsels, maar is ook die rede waarom die beginsel wat in hierdie situasie as die mindere euwel gereken word, vergestalt word. Die kompromie word juis ingeroep om ten spyte van ’n onvermydelike uitweg steeds gehoorsaam te wees. Al sou daar later ook anders oor die situasie geoordeel word, dan was die keuse wat gemaak is nog steeds daarop gemik om gehoorsaamheid te vergestalt. Die kompromie kan dus met reg as ’n daad van gehoorsaamheid beskou word. *Hiermee word nie gesê dat die kompromie nou tot ’n norm vir gehoorsaamheid verhef word nie.* Gehoorsaamheid is nie afhanklik van ’n kompromie nie, maar ’n mens kan ’n kompromie aangaan om gehoorsaam te wees.

### 6.6 Kan die kompromie nie ’n etiese lewenstyl word nie?

Om te leef in ’n gebroke werklikheid beteken om gekompromitteerd te lewe. Wie eties wil leef, kan nie anders as om in grenssituasies kompromieë aan te gaan nie. Die kompromie het ’n beperkte gebruikswaarde naamlik *net* in situasies waar daar gelyktydig tussen twee beginsels gekies moet word wat in dié situasie teen mekaar aanloop. Hier is slegs een keuse moontlik: dit is óf die een óf die ander een; nie albei nie. Die kompromie word dus baie suinig gebruik. Sodra daar ’n alternatief náás die óf … óf … beskikbaar is, kan daar nie sprake van ’n kompromie wees nie. Die beginsel van ouerskap (kreasie) kan nie bots met ’n ingrepe soos kunsmatige inseminasie van die donor/skenker (KID/KIS) nie. Vir KID/KIS is daar ’n oplossing naamlik kunsmatige inseminasie van die eggenoot (KIE) of aanneming. Hier kan dus geen sprake van ’n kompromie wees nie, omdat ’n alternatief beskikbaar is. Die feit dat daar

nie van ’n kompromie sprake is nie, beteken nie dat KID/KIS nie oorweeg kan word nie. Vanuit ’n Christelike huweliksetiek word dit egter van die hand gewys, omdat ’n derde persoon in die intieme liefdesfeer van die huwelik indring. Die reg op privaatheid kan verbreek word, indien die individu se reg op privaatheid die belange van die gemeenskap in gedrang bring. Hier dink ’n mens aan die man wat die dokter vra om te swyg oor die feit dat hy HIV-positief getoets is, of die moordenaar wat teenoor sy/haar advokaat beken dat hy/sy die moord gepleeg het. Uit hierdie situasie is daar nie ’n derde alternatief beskikbaar nie. Hier moet ’n keuse tussen óf die een óf die ander een gemaak word.

Verder het dit ook duidelik geword dat die kompromie nie ewe maklik in alle etiese kategorieë uitgewys kan word nie. Nie alle etiese dilemmas kan in die naam van ’n kompromie regverdig word nie. Drie voorbeelde kan hier ter illustrasie genoem word. Klonering om identiteitsfigure te skep, is verkeerd. Niemand kan beweer dat om ’n duplikaat van Einstein se intellek te skep, minder van ’n euwel is as daar ’n gebrek aan fisici is nie. Dobbel as instrument om armes te help kan nooit verkieslik wees bo direkte hulp aan die armes self nie. Broodsgebrek is ’n krisis vir ’n straatkind maar sy/ haar diefstal kan nie gekompromitteerd regverdig word nie.

Wie verder oor die kompromie nadink, kan nie anders as om te onthou dat die kompromie niks meer as ’n *verleentheidsoplossing* is nie. Die werklikheid hiervan word uitgewys deur die verwysing na die mindere van twee euwels waartussen in ’n grenssituasie gekies moet word. Maar wie nie tussen hierdie euwels kies nie, kan immers nie lewe nie. Die tragedie is nie die keuse wat gemaak word nie, maar eerder die verkeerde keuse of veel erger geen keuse nie. *Wie weier om te kies in ’n grenssituasie loop die gevaar om meer skade en leed aan te rig as dié persoon wat met die lig tot sy/ haar beskikking die beste keuse vir hierdie situasie geneem het.*

Die etiese lewe staan en val nie by die kompromie nie, maar sonder die kompromie kan niemand ook lewe nie. Die lewe staan en val by die genade en liefde van God wat ten spyte van … ja ook ten spyte van die kompromie die mens steeds in sy genade aansien. Die werklikheid van die grenssituasie is dat dit die mens konfronteer met die vraag of hy/ sy regtig met net die een beginsel kan volstaan. Die genadewerklikheid is dat God die beginsel wat gekies is binne sy koninkryk kan verweef. Dit is hier waar die voorsienigheidsleer ter sprake kom (*die providentia Deo*). Doubell (2002) bied ’n interessante perspektief op die voorsienigheidsleer wat nuttig gebruik kan word. Hy benader die leerstuk vanuit vier kwadrante naamlik die intuïtiewe, sintuiglike, denkende en emosionele kwadrant. ’n

Geldige afleiding is dat ongeag die perspektief waaruit die voorsienigheidsleer benader word, God in beheer bly – ons kan *net* nie altyd ’n konseptuele beeld daarvan vorm nie. Binne hierdie gelowige aanvaarding van God se beheer kan ons ook glo en bely dat God ook ’n kompromie in die etiese lewe kan gebruik in die koms van sy koninkryk. Dit beteken allermins dat ’n mens net kan doen soos hy/ sy goeddink en dan “getroos” word met die oortuiging dat God alles ten goede sal laat meewerk. Die klem is nie op alles wat reg getower word net omdat die mens verbrou het nie, maar op God wat sy skepping in stand hou, ongeag wat die mens daarmee beoog (gesindheid). Hiermee word dit ondubbelsinnig beklemtoon dat God se almag en genade veel groter is as die etiese besluite wat ’n mens ookal mag neem.

## 7. Samevatting

Uit hierdie bespreking van die kompromie in die etiek het die volgende vyf sake duidelik geword:

- Die kompromie is ’n etiese besluit waarsonder die etiek nie kan nie.
- Die kompromie is ’n eerlike poging om in ’n grenssituasie steeds die beste moontlike etiese keuse te maak.
- Hoewel die kompromie noodsaaklik vir die etiek is, het dit beperkte toepassingswaarde.
- Die kompromie beklemtoon die belangrikheid van etiese besluitneming en die toepassing van hierdie moontlikhede. Dikwels word die etiek verskraal tot die uitwys van morele dilemmas en nie ook die hantering wat dit vereis nie.
- Die kompromie is nie net van toepassing op die etiek nie maar kan ook in die pastoraat effektief gebruik word.

## 8. Gevolgtrekking

Die kompromie bly steeds ’n afgeskeepte tema in die etiek en ook in die gebruik/ toepassing daarvan in verskillende etiese probleme. Hierdie artikel het op ’n beknopte wyse weergegee watter moontlikhede daar vir die kompromie bestaan en hoe die kompromie in die etiek verstaan kan word.

## Bibliografie

BARNARD, A. 2004. *Die pad van God na ons toe: Fokus op meer as 200 vrae oor gebed wat elkeen graag wil weet.* Wellington: Lux Verbi B.M.

BUYS, P.W. 1976. *Die botsing van pligte as etiese vraagstuk.* Intreerede. Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

DE VILLIERS, E. 2002. Euthanasia and assisted sucuide: a Christian ethical perspective. *Acta Theologica*. 22(Supplementum 3): 35 - 47.
DE VILLIERS, E. 2004. Die Bybel in die openbare morele diskoers. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif,* 45(3&4): 806 - 817.
DOUBELL, F.B. 2002. Voorsieningheid, persoonlikheid en spiritualiteit – ’n vierkantige voorsienigheidsleer. *Acta Theologica.* 22(Supplementum 3): 35 - 47.
DOUMA, J. 1979a. *Abortus.* Amsterdam: Ton Bolland.
DOUMA, J. 1979b. *Euthanasie.* Groningen: De Vuurbraak.
DOUMA, J. 1983. *Verantwoord handelen*. Kampen: Uitgeverij Van den Berg.
HEYNS, J.A. 1982. *Teologiese Etiek. 1*. Pretoria: NGKB.
JANSE VAN RENSBURG, J. J. 2004. Pastorale integriteit. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif,* 45(3&4): 586 - 598.
JASPERS, K. 1962. *Inleiding tot de Philosophie.* Vol.1. Assen: Born.
KOOPMAN, N. & VOSLOO, R. 2002. *Die ligtheid van die lig: Morele oriëntasie in ’n postmoderne tyd.* Wellington: Lux Verbi.
LATEGAN, L.O.K. 1995. *Die kompromie in pastoraal-etiese perspektief.* DTh-proefskrif. Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.
LATEGAN, L.O.K. 2002a. Die kompromie in die etiek: méér as net ’n besluitnemingsfiguur in die etiek. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif,* 43(3&4): 478 - 486.
LATEGAN, L.O.K. 2002b. ’n Kritiese bespreking van die kompromie as etiese figuur in die teologiese etiek van J. Douma, J.A. Heyns, S.J. Ridderbos en W.H. Velema. *Acta Theologica*, 22(1): 57 - 76.
LATEGAN, L.O.K. en POTGIETER, P.C. 1993. “Laat U wil geskied”: Teologies-filosofiese perspektiewe op die wil van God. *Acta Theologica,* 13(1): 17 - 28.
LOUW, D.J. 1993. *Pastoraat as ontmoeting.* Pretoria: RGN.
MOUTON, J. 1996. *Understanding social research.* Pretoria: J.L. van Schaik Academic.
RIDDERBOS, S.J. 1955. *Compromis.* Kampen: Kok.
RIDDERBOS, S.J. 1975. *Ethiek van het liefdesgebod. Compromis/ Tragiek.* Kampen: Kok.
STRAUSS, D.F.M. 2000. Basiese wetenskapsbeoefening in die geesteswetenskappe: uitdagings, verwagtings en knelpunte. *Acta Academica,* 32(2): 104 - 144.
THIELICKE, H. 1979a. *Theological Ethics. Volume 1: Foundations.* Grand Rapids: Eerdmans.
THIELICKE, H. 1979b. *Theological Ethics. Volume 111*. Grand Rapids: Eerdmans.
VELEMA, W.H. 1968. Grenzen en gestalten van het Compromis. *Theologia Reformata,* 11: 147 - 162.
VELEMA, W.H. 1976. *Ethiek en Pelgrimage.* Amsterdam: Ton Bolland.
VELEMA, W.H. 1990. *Oriëntatie in de Christelijke ethiek.* ‘s-Gravenshage: Boekencentrum.